Back to basics deel 5: Staan in Liefde

Kernteks

Eph 4:15 Instead, we will speak the truth in love, growing in every way more and more like Christ, who is the head of His body, the church. Eph 4:16 He makes the whole body fit together perfectly. As each part does its own special work, it helps the other parts grow, so that the whole body is healthy and growing and ***full of love***. (NLT)

1. Liefde

4 tipes liefde ooreenkomstig die Griekse taal:

> "Stergo" (Natuurlike liefde): Liefde wat binne familieverband heers.
>
> "Eros" (Selfvervullende liefde) Liefde vir die genot wat ek daaruit kry.
>
> "Phileo" (Vriendskapsliefde): Die genot wat ons kry deur ander se teenwoordigheid. 50/50 liefdesverhouding
>
> "Agape" (Gee jouself 100%): Om te offer. Om 100% te gee.

2. God se definisie van liefde

Gehoorsaamheid

Joh 14:15 As julle My liefhet, sal julle my opdragte uitvoer. (ANV) Joh 14:15 "If you love me, show it by doing what I've told you. (MSG)

Geloof werk deur liefde

Gal 5:6 Want in Christus Jesus het nòg die besnydenis nòg die onbesnedenheid enige krag, maar die geloof wat deur die liefde werk. (AOV)

Gal 5:6 For when we place our faith in Christ Jesus, there is no benefit in being circumcised or being uncircumcised. What is important is faith expressing itself in love. (NLT)

Geloof word in werking gestel deur liefde. Hoe kan ons God vertrou tensy ons verseker is van sy liefde vir ons?

Liefde en geloof werk hand in hand. Ons persoonlike liefdeswandel met God gee vir ons vertroue in God.



PDF Creator - PDF4Free v3.0 http://www.pdf4free.com

3. Eers liefde teenoor God

Joh 15:10 As julle my gebooie bewaar, sal julle in my liefde bly, net soos Ek die gebooie van my Vader bewaar en in sy liefde bly. Joh 15:11 Dit het Ek vir julle gesê, dat my blydskap in julle kan bly en julle blydskap volkome kan word.Joh 15:12 Dit is my gebod, dat julle mekaar moet liefhê net soos Ek julle liefgehad het. Joh 15:13 Groter liefde het niemand as dit nie, dat iemand sy lewe vir sy vriende gee. Joh 15:14 Julle is my vriende as julle alles doen wat Ek julle beveel.

Vriend is ‘n verbondswoord. Jesus verklaar julle is my vriende, indien julle my gehoorsaam is. Solank as wat ons doen wat God van ons verwag, stel ons die verbond in werking.

4. Gehoorsaamheid in ons verhouding met ander

God is ‘n verhoudingsmens. Net soos in verhouding met God staan ,verwag God ook dat ons in verhouding met ander moet staan.

1Joh 4:20 As iemand sê: Ek het God lief—en sy broeder haat, is hy ‘n leuenaar; want wie sy broeder wat hy gesien het, nie liefhet nie, hoe kan hy God liefhê wat hy nie gesien het nie? 1Joh 4:21 En hierdie gebod het ons van Hom dat hy wat God liefhet, ook sy broeder moet liefhê. (AOV)

Om die liefde van God ten toon te stel, moet ons leer om ander mense met liefde te hanteer. Ware liefde word gemeet in ons verhouding teenoor mekaar.

Joh 13:35 Hieraan sal almal weet dat julle my dissipels is, as julle liefde onder mekaar het

5. Staan in verhouding teenoor mekaar

God het ons geroep om in harmonie saam te groei. Dit is maklik om te sê dat jy in verhouding met iemand staan. Hoe weet ek wel dat ek in verhouding met iemand staan?

Die volgende is eienskappe van ware verhouding:

Toets jouself aan hierdie eienskappe....

1. Gereelde interaksie
2. Die tydperk van die verhouding
3. Erken mekaar se tekortkominge en vul dit aan.
4. Deel drome en help mekaar om dit te bereik
5. Ruim misverstande en onduidelikhede uit die weg
6. Soek die sukses van die ander party en bou daarop. 1Sam 23:15 Maar Dawid het bemerk dat Saul uittrek om sy lewe te soek. Dawid was naamlik in die woestyn Sif, in Hores.1Sam 23:16 Daarop het Jónatan, die seun van Saul, hom klaargemaak en na Dawid in Hores gegaan. En hy het hom bemoedig in God. 1Sam 23:17 en virhomgesê:



PDF Creator - PDF4Free v3.0 http://www.pdf4free.com

Vrees nie, want die hand van Saul, my vader, sal jou nie vind nie, maar jy sal koning word oor Israel, en ek sal die tweede onder jou wees; en my vader Saul weet dit ook goed.

7. Staan in ware vergifnis teenoor mekaar.
8. Moenie die waarde van aanraking onderskat nie
9. Dra mekaar se laste
10. Gee om vir mekaar

Staan in verhouding met God, met mekaar en met die wêreld

Begin deur vir mekaar om te gee. Begin om in verhouding met mekaar te staan. Neem vandag die besluit – die tien mense met wie ek hierdie jaar in verhouding gaan staan is:

______________________________________________________________

Begin jou dissipelskap uit te leef.... Begin kerk wees vir mekaar. Vervul jou bediening...

Toepassing:

Elke Christen is deel van die liggaam van Christus (1 Kor 12:13 en 26-27)

Elke lid het 'n verantwoordelikheid en 'n taak

As kinders van die Here het ons 'n verantwoordelikheid om vir mekaar te sorg, lief te hê en om te gee (Rom 8:14-17, Ef 2:19,
1 Tim 3:15).

Ons moet ruimte skep om mekaar beter te leer ken en te versorg

Christus se liefde, moet 'n tasbare en sigbare belewenis word (Joh 13:34-35, Ef 4:2-3, 1 Joh 4:20-21)

Verhoudinge groei met tyd en openheid

Fokus op "Mekaar" deur: (mekaar opdragte)

- Liefde, vermaning, geduldig,verdraagsaamheid, vergifnis, onderrig, in vrede saam leef (Kol 3:12-17)
- Mekaar se laste te dra (Gal 6:1-2)
- Bemoedig en versterk mekaar (1 Tess 5:11)
- Bid vir mekaar (Jak 5:16)



PDF Creator - PDF4Free v3.0 http://www.pdf4free.com

Groei tot Volwassenheid

Bly geestelike babatjies wanneer ons net ontvang en nie uitgee nie (Heb 5:12-14)

Geestelik volwasse word bereik deur uit te reik en uit te deel wat ons ontvang het.

Nie slegs kerkbywoning nie, maar ook getuig
en dien met geestelike gawes.

Omgee in Praktyk

Mekaar se laste te dra (Gal 6:2)

Opdrag wat die Here aan Sy kinders gee om mekaar lief te hê

Staan mekaar by in, hartseer, dood, moeilike besluite, werk verloor, huise oppas, kinders aanry ens.

Saam te kuier en net daar te wees vir mekaar

Daarstelling van omgee groepe:

Oefenruimte vir geestelike Lewe

Koinonia (gemeenskap) kom tot sy reg

Basis vir Intersessie

Daders van die Woord

Ontvriesing van Gawes

Bevordering van Geestelike Groei

*Success has nothing to do with what you gain in life or accomplish for yourself. It's what you do for others – Danny Thomas*

*We cannot hold a torch to light another's path without brightening our own. Ben Sweetland.*

*There is no exercise better for the heart than reaching down and lifting people up. – John Andrew Holmes*

*The best way to cheer yourself is to try to cheer somebody else up – Mark Twain*



PDF Creator - PDF4Free v3.0 http://www.pdf4free.com